KAMMANUUS
'n publikasie van onsdorp.com
Nommer 255 23 Maart 2009

TOULEIER

'Kammanuus' se verspreiding verander

Ek wil en moet vandag ’n gewigtige sakie aan die groot klok hang.

Jy moet asseblief voortaan jou Kammanuus self op die werf gaan aflaai.

Ek skop nou al só lank teen die prikkels dat die tone eintlik al bloei.

Feit soos ’n koei is en bly dat daar te gereeld sowat drie- tot vierhonderd adresse van die Onsdorp-poslys af terugspring. Dis bloot omdat mense se posbusse te vol is om nog aanhangsels ook te ontvang. Ander weer raak verlore omdat die werk se pynpolisie (IT) aanhangsels blokkeer.

Ek gaan *Kammanuus* hierdie week nog vir oulaas aanheg, maar dit ook terselfdertyd vir jou via ’n skakel na die Onsdorp-webwerf beskikbaar stel sodat jy sommer kan oefen om dit self te gaan aflaai.

Probeer asseblief sommer dadelik, en laat weet indien jy daarmee sukkel of iets nie mooi verstaan nie. Sodra jy op die bladsy land, sal jy ’n lys van nuusbriewe sien, en jy dubbelklik eenvoudig net op die een wat jy wil aflaai. Hierdie week se nommer is 255. **SAVE** hom dan op jou rekenaar, en sny die verbinding sodat jy *Kammanuus* rustig en gratis kan lees as die tyd geleë is/

Die goeie nuus is dat ons *Kammanuus* nou groter en beter kan maak, soos bv. duideliker foto’s, want tot nou toe spartel ons elke keer om dit in te druk in die 400 KB aanhangselgrootte waartoe ons verspreider ons beperk.

Dit gaan beteken dat ons vorentoe MEER en BETER foto's sal kan gebruik.

Het jy nie internet nie?

Hier en daar is steeds mense wat nie internet-toegang het nie en net e-pos kan ontvang. Vir hulle sal ons ’n ander plan moet probeer maak. Skryf vir my by pos@onsdorp.com en maak die onderwerp: **Internetgestremd**. Ons sal dan 'n aparte adreslys vir julle moet probeer saamstel en dit self versprei, pleks van die verspreider in Amerika hiervoor te gebruik.

Dis belangrik dat jy dié opskrif gebruik anders gaan ek dit nie raaksien tussen die honderde ander e-posse nie.

Die skakel vir aflaai is: www.onsdorp.com/kn.html . Komaan, dra dit sommer nou na jou internetprogram oor en sê GO!

Wees wakker en wen R200!

En net om vir almal 'n suikertjie om die pil te sit:

Daar gaan ook VYF FOUTE in die inhoud wees tussen die aangehegte *Kammanuus* en die een wat jy nou van die werf gaan aflaai.

Die eerste leser wat hulle korrek uitwys, kry ’n R200 geskenkbewys. Skryf aan pos@onsdorp.com met FOUTE in die onderwerplyn. Verstrek net die bladsy-nommer en die fout.

Op ’n ligter trant, ek en Kamermaatjie probeer mos nou elke Donderdagmiddag nege putjies gholf inkry. Ná die soveelste keer wat ek die bal op sy kop slaan, vertel sy my ek kyk te vinnig op. Sý sal kyk waar die bal gaan, ek moet net my kop afhou. Probeer dit toe. Kry dit nogal reg. Sê toe vir haar ek het nie die bal sien land nie. Sy antwoord ewe droogweg: "Jy sal ook nie, want hy het nooit opgestyg nie”

Nou ja mense, kom ons hoop die nuwe aflaaistorie van *Kammanuus* styg mooi op!

Groete hier uit die vinnig warmer wordende woestyn.

Hennie Greeff

Doha, Katar

ROELFIE
SLAAT RAAK

✣ Afrika-tyd

"NIKS word sonder beplanning bereik nie, en 'n dagboek is noodsaaklik om die proses te begin," skryf Tshwane se burgemeester in die voorwoord van die munisipaliteit se luukse hardeband-dagboek vir 2009.
Die probleem is net dat die dagboeke eers op dag 65 van die nuwe jaar afgelewer is.
Nou wonder Roelfie: Het die raadslede voor dit niks gedoen nie, of het hulle hul eie dagboeke gekoop en moes die belastingbetalers ook hiervoor opdok?
►Dié petalje gee mos 'n heel nuwe betekenis aan Afrika-tyd!

✣ Foolius se T-hemp

FOOLIUS DILEMMA, ook bekend as Julius Malema.

VERLEDE keer - wie onthou dit nog? - het Roelfie een en ander oor daai ANC-nar Foolius Dilemma te sê gehad.
Een van Duskantland se gatskeer-werwe het 'n handelsarm begin, en die eerste aanbieding is 'n T-hemp wat die spot dryf met Dilemma - die man wat sy houtwerk in matriek met trompetgeskal gedop het en nou Stortkop Zuma se grootste lofsanger is.
Die T-hemp toon 'n groot foto van die president van die ANC se sandputkinders, met die woorde: 100% VIR ZUMA - 20% VIR HOUTWERK.
Daar is nou selfs die swape wat Dilemma met Mandela vergelyk. Daar is natuurlik een groot verskil: Mandela het daarin geslaag om 'n kabinet saam te stel.
►Die slimmes onder julle sal nog onthou waarmee die kabinet gebou is, so dis nie nodig dat Roelfie dit herhaal nie.

✣ Afrika-tyd

DIE SA Polisie(diens?) het die afgelope drie jaar meer as 8 000 vuurwapens verloor, en minder as 900 weer teruggekry.
Meer as R121 miljoen is verlede jaar bestee aan wagte wat die polisiestasies moet oppas.
►Vir nog 'n paar miljoen kan hulle seker ook sommer die telefone wat so onbeantwoord lui ook antwoord?

✣ Aussies gee geld

DIE Australiese regering het luidens berigte R66 miljoen aan Zimbaapwe geskenk.
►Gaan nie veel help nie, maar miskien kan Ghrys Moegapie dit gebruik vir 'n paar afbetalings op haar klererekeninge.

✣ En toe val die pennie!

DINGE loop maar oustryk (lees: chaoties) in Duskantland. Skarnier Skurk kry ná tee jaar mediese parool (maar Clive Derby-Lewis moet in die tronk sterf) en Winnie Mandela is op pad na die volkiesraad (haar misdaadrekord ten spyt.)

Derby-Lewis het ook nie die skoot gevuur wat tot Chris Hani se dood gelei het nie - anders as Bomber McBride en die aanvallers op die St. James-kerk.

Stortkop Zuma se beveiliging kos die klompie mense wat belasting betaal R1 miljoen per maand - en hy is nog nie eens die land se president nie.

Nou lees Roelfie van 'n studie wat bevind het dat hoe meer opgevoed mense is, hoe minder van hulle stem vir die ANC.
►En skielik val die pennie vir Roelfie oor hoekom ons onderwys - en veral swart onderwys - so chaoties is.

✣ Nuwe lugmag

EN toe verdwaal Stortkop Zuma se helikopter mos in Limpôpô, waar hy op pad was na 'n saamtrek. Eish!
Was seker een van daai nuwe geslag vlieëniers wat hulle deesdae vir die lugmag oplei. Twee Astra-opleidingsvliegtuie is onlangs afgeskryf deur leerlinge wat al twee jaar terug hul eksamens gedruip het, maar nie mág druip nie, omdat dit op rassisme sal neerkom.
► En om te dink dis alles apartheid se skuld.

Allegaartjie

GOEIE OEFENING VIR ALMAL OOR VEERTIG

Hierdie oefening word aanbeveel sodat mense ouer as 40 die spierkrag in hul arms en skouers kan versterk.

Dis 'n eenvoudige oefening en word vir drie dae per week voorgeskryf.

1. Begin deur op 'n gerieflike, plat oppervlak te staan met genoeg ruimte weerskante van jou. Neem 'n 2 kg aartappelsak in elke hand, steek jou arms sywaarts uit en hou hulle vir so lank jy kan uitgestrek. Probeer om 'n minuut lank so te staan, en ontspan dan.

2. Jy sal vind dat jy hierdie houding elke dag 'n bietjie langer kan handhaaf. Skuif ná 'n paar weke na 'n aartappelsak van 5 kg, dan 7 kg en probeer die punt bereik waar jy 'n jou arms met 'n 10 kg sak in elke hand 'n volle minuut lank uitgestrek kan hou.

3. As jy voel jy het nou die nodige selfvertroue, sit een aartappel in elke sak.

IS DIT WAT DIE TOEKOMS VIR ONS INHOU?

Verskonings vir afwesig wees

• Verskoon asseblief Lisa se afwesigheid. Sy was baie siek en die dokter het gesê sy moet dit afslaap, en toe het ek haar laat uitsit.

• Geagte Skool, Dawie was afwesigheid gewees op Maart 29, 30, 32, 32 en ook 33.

• Joylene was nie by die skool nie, want hulle het haar verstaantande geslaag.

• Verskoon asseblief vir Pierre , dis sy pa se skuld.

•Santie was nie by die skool nie, want ek is 'n enkelouer en was in die bed met Giep.

•Maryann was awesig van die 11e tot die 16e. Sy het 'n keel, 'n maag en 'n kop. Haar sussie ook. Daar moet iets aan die gang wees, want hulle pa was ook gisteraand warm.

•My dogter was gister afwesig, want sy was moeg. Sy was op 'n KJV kamp en het 'n rowwe naweek gehad.

•Sally wil liewers vandag na 'n begrafnis toe gaan.

•Jennifer was gister nie by die skool nie, want ons het gedink Maandag is Sondag.

•Vir wie ook al hierdie moet lees - Janco sal nie more skool toe kom nie, hy en sy pa is op jag.

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO

Deur Lappe Laubscher

Buller betaal swaar vir seun se dood

Redvers Buller is nou nie juis `n ou wat gedurende die Anglo-Boereoorlog vir homself groot roem verwerf het nie. Hy was die aanvoerder van die Engelse magte op die Natalse front.

In Londen is geglo dat die hele "opstandjie" in Suid-Afrika voor Kersfees 1899 iets van die verlede sou wees. Toe loop Buller en sy manne hulle in Desember 1899 by Colenso hulle teen 'n Boeremag onder generaal Louis Botha vas.

Daar oor die Tugela het Buller en sy manne lelik slae gekry. In die proses het die enigste seun van Lord Roberts, Freddie Roberts, gesneuwel toe hy tevergeefs probeer help het om van die Engelse kanonne na veiligheid terug te bring.

Die voorval kon as net nog 'n stukke oorlogstatistiek afgemaak gewees het as dit nie was dat Lord Roberts later vir Buller verkwalik het vir sy seun se dood nie.

Buller het roemloos na Brittanje teruggekeer en is op die aandrang van Lord Roberts eerloos en met halfsoldy uit die Engelse weermag ontslaan. Alhoewel hy aangedring het om voor `n krygsraad sy saak te kon stel, is die versoek nie toegestaan nie – ook nie sy versoek om sy saak aan Koning Edward VII te verduidelik nie.

In Suid-Afrika het die Boere minagtend na Redvers Buller verwys as ou Rooivers Bullller. Sy eie manne het agter sy rug hom spottend ou Reverse Buller genoem. Die afloop van sy militêre loopbaan het nie reg laat geskied aan die nagedagtenis van een van Brittanje se dapperste soldate nie.

Gedurende die Zoeloe-oorlog van 1879 was Buller ook in Natal. Hier het hy by een van die veldslae vreesloos tussen `n klomp Zoeloekrygers ingejaag om 'n makker wat van sy perd geval het te gaan red. Ondanks proteste het hy die gewonde makker agter op sy perd gelaai en na veiligheid gebring.

Vir hierdie doodsveragtende optrede het hy die Engelse se hoogste eerbewys vir dapperheid te velde, die Victoria Kruis, ontvang.

Byna veertig jaar voordat Redvers Buller sy heldedaad in Natal verrig het, het 'n soortgelyke voorval plaasgevind.

Tydens die Slag van Bloedrivier het Andries Pretorius, die Boere se aanvoerder, in `n stadium opdrag gegee dat die Boere tot die aanval moes oorgaan. Die Boere het op hul perde gespring het die Zoeloes, wat toe reeds 'n verslane mag was, agtervolg.

Met die agternajaerry tussen die vlugtende Zoeloes aan het 'n Zoeloe-kryger Pretorius beetgekry, hom van sy perd geruk en met sy spies in die arm gewond. Net toe hy die hulpelose Pretorius wou doodsteek het een van Pretorius se makkers sy gevalle aanvoerder gesien, op die Zoele afgestorm, Pretorius op sy perd gelaai en weggejaag.

Die omstandighede en die afloop was byna presies dieselfde as in die Builler-geval. Buller het die Victoria-kruis vir sy optrede ontvang.

Al wat ons van die Pretorius-geval het, is `n skildery van Andries Pretorius met sy arm in 'n slinger. Die man wat sy lewe gered het, bly naamloos in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

PENKOPPE van so jonk as 10 jaar wat haweloos met hul moeders en susters in die veld rondgeswerf het nadat hul plase verwoes is, het hulle by die kommando's aangesluit liewer as om in krygsgevangenekampe te beland.

In die guerrillafase het pres. M.T. Steyn in Desember 1901 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens sterk en gesonde seuns van 14 jaar en ouer opge-kommandeer kon word om meer weerbare burgers op kommando te kry.

Dié week se giggels

STRATEGIE/TAKTIEK

Wat is die verskil tussen strategie en taktiek?
Strategie is om 'n goeie bottel rooi wyn te koop as jy 'n dame vir aandete uitneem.

Taktiek is om haar sover te kry om dit te drink.

SLIM KINDERS

Kallie en Mike se oudste spruite het pas gehoor hulle gaan graad 3 toe.

Mike: "Ek is so trots op daai laaitie. Gisteraand vra ek hom om vir my 'n sin te maak met "bysin" en "gesegde". Soos blits sê hy toe: 'Ons was ons gesegde in die bysin.'"

Kallie: "Dis niks. Klein Kallie is in 'n Engelse klas en laasnag het hy my sy tuiswerkboek gewys. Hy moes 'n sin maak met attack, defence and quarrel. Toe skryf hy: ' I climb over defence to pick attack of grapes and eat them quarrel for quarrel.'

"En om te dink hy's nog net 19!"

GELD GESELS

Die 50c-munt en R50-noot raak aan die gesels.
50c: "Yes Maatjie, wat het van jou geword? Ek het jou lanklaas gesien!"
"Nee wat," antwoord R50, "ek was maar so hier en so daar. Was bietjie casino toe; het 'n trippie Mosambiek toe onderneem; by 'n paar rugbywedstryde; by die skou in Windhoek; môre sal ek waarskynlik Mall toe gaan. Jy weet, daai soort goed. Maar hoe's dinge met jou?"
50c: "Aag Boeta, jy weet mos. Altyd dieselfde - dis net kerk, kerk, kerk!"



Eendag op 'n eiland.

MIKE EN KALLIE

Mike en Kallie het 'n nuwe winkel begin, maar toe dit toemaaktyd word, is daar nog net leë rakke.

Kallie: "Ek wed jou hier gaan nou enige tyd 'n swaap kom, sy gesig teen die venster druk en vra wat ons verkoop."

Sy woorde was skaars koud, toe druk 'n verbyganger sy gesig teen die venster en vra:

"Haai! Wat verkoop julle?"

"Ons verkoop poepholle," antwoord Mike.

Die jafel was glad nie op sy bek geval nie, en sê:

"Lyk my besigheid is goed - daar is nog net twee oor!"

SOMMIGE mense leef net omdat dit 'n misdaad sal wees om hulle dood te maak.

HÄGAR deur T.O. Honiball

Van Suutjiespoep tot Droëgat - byname is kultuurskatte!

Deur Corinus du Toit

Families het ook hul familiebyname. Die Du Toit's, waaruit ek stam, het drie bynaamlyne. Daar is die Grootliegs, die Jammerhandjies en die Betingels, wat my lyn is. Die eerste twee is maklik om te verklaar, maar van die derde een se oorsprong weet nugter alleen.

Geseënd is hy wat deur sy lewe meer as een bynaam kry. Vaaljan word op 'n goeie dag sommer Jan Vaal-afval wanneer hy die kop en pootjies van 'n skaap met 'n sweisvlam skoon brand vir gebruik in 'n afvalgereg.

Gewoontes lei gewoonlik tot die mees beskrywende byname. Soms is die taal-gebruik bietjie skerp, maar uiters beskrywend. Iemand wat heeldag loop en keelskoonmaak, moet aanvaar as hy Bromkaatjieborsie word.

Dan was daar die oom wat die gewoonte gehad het om in geselskap in stilte af te blaas, tot almal se verleentheid. Sodra die eerste gas ongemak wys, het hy altyd sy hond geskop, asof dié nou die oorsaak is. Die arme dier was later so op sy senuwees dat hy al tjankende verkas het sodra hy die eerste klankie ruik.

Die oom is herdoop na Piet Suutjiespoep. So ook Tannie Koekiehol uit Namak-waland, wat nooit onderklere gedra het nie. Baie mooier egter is Dries, wie se jonger sussie nie sy naam kon uitspreek nie, se bynaam. As kannetjie het hy knaend hoed gedra, dus het hy Hoed vir haar geword, tot lank nadat hy uit die skool is. Sy was die enigste van sy ouers se vyf ander telge wat hom so genoem het.

Wat gebeur as tweetjies nou dieselfde eienskappe deel? Het hulle beide krom bene, word hulle maklik Castor en Camber n.a.v. 'n motor se wielsporing.

Hier in my wêreld is 'n plek met die naam Rondomkrans. As jy dit sien, is die naam vanselfsprekend. So kan Hans Rondomlelik net beteken dat die vent lelik is, maak nie saak uit watter hoek jy hom beskou nie.

Mooi Willem verwys waarskynlik presies na die teenoorgestelde. Oom Jan weer was 'n boorkontrakteur en nie baie suksesvol met die oopboor van water nie. Verstaanbaar waarom hy mettertyd Jan Droëgat geword het.

Vir die drinkebroers moet daar natuurlik ook voorsiening gemaak word. So kry Gert Proppe sy naam weens sy geloof dat as 'n bottel brandewyn oopgemaak word, dit leeg gedrink moet word - en daarvoor word die prop met die oopmaakslag platgetrap.

Uit die sakewêreld kom Johannes Kontant daar uit Suidwes se kontrei. Altyd alles in kontant gedoen, en ook altyd kontant by hom gehad. As iemand heeldag met 'n yslike skietyster op sy heup rondloop, word hy gou Daan Gun, in Engels uitgespreek.

Byname, so eg Suid-Afrikaans soos braaivleis en pap, Klipdrif en Coke, spek en eiers, pinotage en hanepoot, vetkoek en mince. Kultuurskatte wat verdien om van geslag tot geslag aangegee te word, want agter elke bynaam is daar 'n storie, en dis in daardie storie waar die mooiheid - goed of sleg - dikwels vasgevang lê.

IBT skryf van twee byname op Levubu: Jan Grobbelaar is Jan Blaar, en Jan Grobler is Jan Blêr.

Kobus van Zyl laat weet van twee neefs op sy geboortedorp met dieselfde name en vanne. Hulle het fisies van mekaar verskil deurdat die een 'n bietjie kort, geset en joviaal was, terwyl sy neef lank, skraal en altyd ernstig was. Die gevolg was dat die een Geil Karel was, terwyl sy neef Sedige Karel was.

Hannes Dumas van Paterson vertel van die treindrywer wat aan die stasie-voorman die bynaam Wintermuskiet gegee he omdat hy altyd opgedaag het wanneer jy hom nie verwag het nie.

Hennie Malan van Piet Retief stuur die volgende paar:
Jack Spanner: Die arme man had 'n yslike litteken op sy voorkop.
Droogte: Dit spreek vanself. Sy dogter heet toe Lente.
En dan is daar my vriend Ossie. Nee, verkeerd geraai, hy het met 'n volstruis (ostrich) skoor gesoek.

STUUR BYDRAES AAN pos@onsdorp.com en merk dit BYNAME.

MAKERIEPAS

Militêre padblokkade

Deur Leon le Roux

Dis 1977 en ons klomp Bokkoppe (infanterie) is al weer op 'n 3 maande grenskamp. Die eerste tien tot veertien dae is jy deur 'n opskerpfase gesit om die bos *drills* weer te verfris en om nuwe tegnieke aan te leer.

Een van die goed wat hulle ons gewys het, was hoe om 'n vinnige ad hoc padblokkade op te stel. Mooi geleer, moes ons dit toe ook as deel van die evaluasie oefeninge doen.

Ons word die pad uitgewys en moet net self 'n geskikte plek uitsoek. Die instrukteurs sou dan die verdagte voertuig bestuur en ons moes hom voorkeer. Daarna moes ons hulle en die voertuig deursoek, mooi nes ons geleer is.

Nou kyk, dis soos poeding eet om gevra te word om instrukteurs bietjie te kan karnuffel.

Ek moet vinnig gou probeer skets hoe die padblokkade werk. Twee voertuie trek dwars van die pad af, so 50 meter uit mekaar of sover die skuiling toelaat. Die verdagte voertuig ry verby die eerste een en op die laaste nippertjie, met die klem op laaste, trek die volgende voetuig dwars oor die pad voor die verdagte voertuig in.

Die idée is dat die drywer van die verdagte voertuig nie dinktyd moet hê nie, slegs kan noodstop om die ongeluk te vermy.

Dis ook hoe dit gewerk het en toe daai Buffel - as ek reg onthou, weeg dit iets soos 8 000 kg - dwars voor die Landie intrek, sien jy net stof trek soos die drywer rem en swaai.

Dit klink seker soos Spiekeries van ouds, maar millimeters sê ek julle was tussen stop en 'n groot ongeluk.

Ons lot wat langs die pad weggekruip het, sak binne 'n oogwink op daai Landie toe en ruk die deure oop en die insittendes uit. Dis mos die instrukteurs wat ons nou al dae lank jaag en verskree, en ons kans vir wraak!

Met groot genot word hulle heel hardhandig deursoek en als in hulle sakke op die grond gegooi. Dit lyk soos konfetti soos die ID's en ander papiere en goed trek. Die verdagtes is doodstil en hul oë is so groot soos pierings.

Tot hiertoe het seker nie meer as vyf minute verloop nie en ons moet ons houe mos vinnig inkry voordat die oefening as afgehandel beskou word.

Met dié daag daar 'n ander Landie op met manne wat uitspring en groot bek maak. Dis die instrukteurs, want ons het toe heeltyd 'n arme onskuldige groep van 'n ander regiment onder hande gehad.

Nadat als verduidelik is en groot verskoning gevra is, veral vir die hardhandigheid en die lot weer tot verhaal gekom het, het almal baie lekker gelag.

Het ons die padblokkade oefening geslaag? Wel, met die baie goeie terugvoering van die onskuldiges kon die instrukteurs nie anders as om ons te laat slaag nie!

DIE SAMJOOR SE SIRKEL

Ons was besig met 155 mm aanvaardingsproewe vir ammunisie in Riemvasmaak. Dit was in die laat jare 80's.

'n Paar van die nuwe troepe moes nou eers geleer word hoe die G6 se visier en dies meer werk. Ek het daar naby gestaan toe ek die Samjoor hoor verduidelik. Hy was nogal 'n eienaardige skepsel.

"Soos julle almal weet is daar 180º in 'n sirkel."

Een van die alwetende troepe steek vinnig sy hand op en sê: "'n Sirkel is 360º, Samjoor!"

Samjoor: "Weet jou ma jy's hier? Ek praat van 'n klein sirkeltjie jou drol! Sit en wag totdat daar met jou gepraat word."

Ingestuur deur Ronnie Smit.

AFRIKAANS
is mos my taal

Lieg soos ’n tandetrekker

Die tandartse van vanmelewe was nie almal opgeleide artse soos ons hulle vandag ken nie. Trouens, allerhande kwakke het hulle die vermoë aangematig om pynlike tande met brute geweld uit mense se monde te pluk, en die arme lydendes het hulle laat begaan omdat hulle met allerhande mooi woordjies gepaai is: "Toe maar, toe maar, dit gaan glad nie seer wees nie."
Eers wanneer die kwak met ’n wilde geworstel die tand stuk-stuk met sy primitiewe instrumente uitgegrawe het, het die slagoffer terdeë besef hoe só ’n tandetrekker kon lieg!

Met die man gepla

As iemand vir ons nie reg wys lyk nie, sal ons maklik skerts dat hy met die maan gepla is. ’n Klompie geslagte gelede was dit egter niks om grappies oor te maak nie, want sekere mense het werklik gedink dat die maan ’n mens van jou verstand kon beroof.
As jy jou snags te veel aan maanlig blootgestel het—só het hulle geglo—was jy ’n goeie kandidaat vir die sielsiekegestig.
Maar sedertdien het mense selfs op die maan geland en nie een van hulle het selfs ’n bietjie “snaaks” geraak weens hul fisieke wandelinge op die aarde se natuurlike satelliet nie. Wys jou...

Uitdrukkings

Uit Robertson se wêreld:

- Sy stem klink soos 'n brommer in 'n blik.
- So nugter soos 'n katmannetjie wat in 'n reënbalie geval het.
- En as jy nou so sonder arms is? (afsydig word).
- Elfuur begin die duiwel loer, en van twaalfuur jol hy saam.
- So besig soos 'n oopgesteekte miernes.
- So sedig lyk soos 'n koster met nagmaal.
- Hy glip by die deur uit soos 'n tienrandnoot uit 'n beursie.

So 'n bietjie PITKOS

- Die wêreld se kortste oorlog - tussen Brittanje en Zanzibar in 1896 - het net 38 minute geduur.
- Daar is sianied in appelpitte.
- Die tipiese lodpotlood kan 'n streep trek wat 60 km lank is - omtrent van Johannesburg na Pretoria.

Toe Alexander Graham Bell die telefoon in 1876 uitge-vind het, is daar in die eerste maand net ses verkoop.

- In 'n studie by die Universiteit van Chicago is in 1907 bevind dat geel die kleur is wat die mak-likste raakgesien word.
Dis hoekom John Hertz, stigter van die Yellow Cab Company, gesorg het dat sy taxis geel is.
- Die Griekse volkslied het 158 versies.
- Daar is sowat 6800 tale in die wêreld.
- Die simbole + (vir optel) en - (vir aftrek) het eers in 1489 in algemene gebruik gekom.
- Jy kan jouself nie kielie nie omdat die cerebellum-gedeelte van die brein die res van die brein waarsku dat jy jouself gaan kielie. Omdat die brein dit weet, ignoreer hy die sensasie.
- Die longe se oppervlakte is omtrent net so groot soos 'n tennisbaan.

Outydse rate

Mevr. DJH se Geneeskundige Raadgevingen (1913)

(Ingestuur deur Gerrit Theron van Hartenbos)

Koliek
Drink lauw kamfer-brandewijn. Flennel in warm azijn gestoken en op de maag gezet. Als het afkomt zet een droge flennel op.

Kramp in de maag
Wrijf rond op de maag; indien kramp hevig is, leg flennel geweekt in terpentijn op, neem gember in kook water getrokken in.

Likdoorns
Houd in warm water en snijd het dun, zet dan vinger pal melk (ek neem aan dit is die melkagtige vloeistof van die vetplant wat in die volksmond as vingerpol bekend staan) om op een lapje. Een ivy-blaar is ook goed.

Spelden geslikt door kinderen
Spelden worden soms geslikt door kinderen en de verpleging moet bestaan in de speld door de ingewanden te laten passeren. Met dit doel moet een grote kwantiteit aardappels worden gegeven en geen ander voedsel totdat de speld gepasseerd zal zijn. Geen purgeermiddels.

STRAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.
Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Koekemoer
claudia.koekemoer@gmail.com
Ek wil graag in kontak kom met my familie. My oupa se naam was Johannes en sy vrou se naam is Sannie. Hul was woonagtig op Graaff-Reinet. Enige iemand wat ook familie van hulle was, kontak my asseblief!

Erasmus
tracks@penta-net.co.za
My mense is hoofsaaklik van Delmas. My pa se broers Jan en Thys vestig hulle in Stofberg.

McGeer
rikamcgeer@flysaa.com
Sal enige inligting waardeer. Wil graag my man se stamboom navors en weet nie waar om te begin nie! Baie dankie!

Taljaard
dantaljaard@yahoo.com
Vader M.J.H.Taljaard,gebore 1888 op Ladybrand. Oupa J.N Taljaard, getroud met 'n dogter van Pres.Hoffmann.

Van der Watt/Wat
epos: paulmarais@mweb.co.za
Enige inligting in verband met Van der Watt sal waardeer word.

Kotze, Kotzé
27829635979@vodamail.co.za
Soek inligting oor Kotze, oupa Christoffel Alwyn, getroud met Susanna Magdalena Nagel).

'n Klinker val in Waterkloof

Die Waterkloof-onderwyser is mismoedig oor Kosie se gemengde taal:
"Ag nee man, wat is die Afrikaans vir *awesome*?"
Kosie dink 'n bietjie en verklaar trots: "Ôsemrowend, juffrou!"

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Gesukkel met Koreaanse kos

Mies en Lieb Liebenberg, Sjina:

Ons voel weer soos 'n nuwe mens na ons wegbreek die afgelope naweek na Nantong. Ongelooflik die verskil wat dit maak as mens net jou daaglikse roetine 'n bietjie verander en uit jou dorpie beweeg. Nou is ons batterye weer gelaai vir die week wat voorlê.

In Nantong het ons in 'n oulike skoon hotel gebly en die hoofrede vir ons besoek, was om ons voorraad te gaan aanvul. Hierdie keer was ons lus vir kaas, Post Toasties en whisky. Ons kon selfs mostert in die hande kry.

In Nantong is daar twee buitelandse winkels wat westerse produkte aanhou, maar natuurlik teen 'n prys. Kon selfs kies tussen 'n skaapboud uit Australië of gegeurde donkievleis, iewers uit Asië. Skaapboud was te duur en vir die donkievleis was ons nie lus nie...

Lieb het weer verlede week te lekker gelag by sy gym waar hy oefen. Die Chinese is of baie bewus van die korrekte kleredrag vir 'n geleentheid of hulle gee glad nie om nie – onthou julle die Chinese vriendjie se spoggerige troue en sy ma het 'n blou golfhempie aangehad vir die geleentheid!

Ons Koreaanse vriende het ons weer oorgenooi vir aandete Sondagaand en het van hulle beste Koreaanse geregte vir ons voorgesit. Lieb het driekwart van sy (groot) diepbord opgeëet maar ek het net so paar skeppe gehad en gevra of ek die res kan huis toe neem vir middagete.

Die dis is die volgende: rooi boontjies, wat soos ons suikerbone lyk, fyn gekook en "geliquidized" om 'n puree te vorm. Daarin word meelsnysels gaargemaak. Daar is geen smaakmiddels in nie en word net met suiker bedien. Lieb het amper die hele suikerpot oor syne gegooi voor hy dit kon eet. Dit herinner aan ons melksnysels maar met die boontjiepuree as basis, is dit iets om aan gewoond te raak.

Barry soek na Oosie

Barry van Blerk, Pretoria:

Lekker om die nuusbrief te lees ! Ek weet wat dit neem om so 'n 'brief' te doen, om ten minste ek dink so. Ek het self in my kontrei 'n plaaslike nuusbrief (of dan liewer 'n koerantjie) wat ek maandeliks opstel en dit gaan net oor die doen en late van ons gemeenskappie. Ek noem dit "MaplotterNuus". Ek woon op 'n kleinhoewe in Kameelfontein in Pretoria.

Die wereld is darem klein toe ek in die nuusbrief lees van Pieter en Marie Oosthuizen. Pieter, of te wel Oosie soos ons hom genoem het, was my 'baas' by IT lank gelede. Ek het kontak verloor en probeer lankal uitvind wat van hom geword het - bly hy leef nog !
Jy het nie kontak dalk detail oor hulle nie ?

(Ons plaas jou briefie Barry, en kyk of Oosie reageer - dan neem ons dit verder! - Hennie.)

Nuwe Kammalander

Werna Maritz Jeffreysbaai:

Aan al Onsdorp-enaars, ek is n nuwe lid en wil net graag sê "aangename kennis"!
Ek is regtig baie bly dat ek deel kan wees van die familie. Dankie vir die oulike nuusblad wat ek nou vir die eerste keer ontvang het. My bydrae sal ek binne-kort inbetaal.

Die staaltjies is kostelik en ek geniet dit baie om die nuusbrief van bo tot onder deur te lees. Sterkte met al die harde werk, dit word baie waardeer!

Hou-en-klou jaar

Pony Binding, Okahandja:

Ek trek ook al in die sewentigs en sê dankie vir die nuus uit Kammaland . Dankie dat jy aan ons ouer garde dink.

Ons geniet tog die nuusbriefies,. Gelukkig kan ons uit u skrywe agterkom dat al is alles maar donkerig wat die land en die wêreld aanbetref, ons tog moet aanhou lewe en die snaakse dinge in en om ons waarneem en lag.

Ek wens net ons kon die ou by kom wat ons in die gemors gedompel het. Aangesien ons die skuldige ou nooit sal kry nie, leef ons maar aan met 'n bietjie humor. Dit gaan 'n jaar van "hou en klou " wees, maar nouja dan maak ons maar so, hulle sê mos elke wolk het wel 'n silwer randjie.

AGTEROS

Wit geblitste preke en ander konkoksies

Deur ANDRÉ DIPPENAAR

"Een skaapboud en ‘n pond botter later, makie koster daai Sondag mossie prediker se waterkraffie vol witblits . . . "

Was oorle oompie Doors mos ‘n kerklike mens. Baie keer uit die Huis uit gevertel. Suinig met detail, mensname, dag en datum was die ou. Glo versigtig vir ‘n prosedeerdery.

Grootste vrees was eerder lat Rapportryers en Broederbonners op die Eerwaarde Kerkraad stories by die Sinode sou loop staan en aandra. Hettie ou mossie die manne mettie ronnepuntskoene en die ploegtjekboeke staan en vertrou nie.

"So," vertel oompie Doors, "Hettie Sinode eenslag ‘n agter kleinneef van my geheel en al van die sakkermente loop staan en ontroof. Net oorlat die stomme man die Kerkraad verlies wou staan en bespaar. Suipie neef mos allie oorskiet nagmaalwyn ná die diens in die kossistorie uit. Voorlat dit nutteloos loop staan en suur word. Lattie span hogere skrifgeleerdes nie eens die ou se pleidooi uit die Groot Boek waardig geag het nie. Daai stuk vannie ou wyn innie nuwe sakke.

Broer leierouderling was onder verdenking vir klikdadigheid. Enigste leidraad teen die verraaier was lat hy ronnepuntskoene gedra het. “Oorverdowende bewys, ou swaer” was oompie Doors se uitspraak.

“Ou swaer, as ek vir jou alles moet staan en vertel wat ek as Christenmens in my kerk gebeleef het, sal dit meer hoofstukke loop staan en beslaan as wat Psalm 119 versies het.”

Sit ons span manne een laatmiddag teen die waenhuismuur en warmte trek uit ‘n flou wintersonnetjie. Raak oompie Doors oorval deur ‘n epidemie van kerkskinnerkoors.

So lat glippie ou ‘n dorpsnaam deur. Willie ou nie sê wie die manne was nie. Weetie ou rondkyk-rondkyk te verkonnig lat ore mure het. “So”, vertel die ou, “kom kantel daar mos een Woensdagmôre hier drie tree voor elf se kant, ‘n broer by Grobbie se hotel daar in Loeriesfontein uit. Lopie man amper die Herder des Gemeente desmoers. Gelukkig issie man se teensworigeid van gees vars ingelê in amper ‘n kênfruit bottel vol onverdunne brannewyn.”

Trekkie ou daar weg met, “My wêreld Doom, lanklaash geshien. Wash onshe herder dan bietjie weg?”

“Ja, broer. Sinodesitting toe.”

“En wat shê die boysh dan daar byrie shinode?”

"Ontstellende nuus broer. Volgens statistiek het Loeriesfontein die tweede hoogste alkoholmisbruik in die sinodale gebied"

"Nee o koot, Dominie, dan shal ek nou opshtuk mettie boysh moet gaan praat. Dish 'n shkanne. Onsh kan mosh nooit shettle vir shecond besht nie!"

◇ ◇ ◇

So lag ons spannetjie ons half in 'n beswymimg in. Eers vir Oompie se storie. Later vir Ben Donkie. Kannie man mossie soos 'n opreg mens laggie. Lag kompleet soos 'n donkie wat balk.
Sulke haaaa……vieeee…..snork….haaa….vieee……snork-note. Val die ou sommer van sy bloekomstomp luisterstoel af. Rol haaa…vieeee……snorkend innie stof rond.

Wonner ek hoekom hulle hom nou juis loop staan en Ben Donkie noem het.
En toe's daai mos net olie in Oompie se lamp. Vervat die ou sommer met: "Kêrels, noulat ons innie drinkskrum loop staan en druk, vallit my mos by van daai predikant destyds op Barryd. . . " Amper laat glippie ou 'n naam.

"Meen daar in 'n anner dorp. Hettie ou mos so temerig gepreek. Soos 'n Sub A-kind wat uit 'Trap der Jeugd' loop staan en voorlees. Sussie ou se boodskappe mens annie slaap soos 'n kleintjie in 'n abbakombers.

"Party manne loop staan en stut geheel hulle booste oogledere oppie onnerstes met vuurhoutjies lat dit kan lyk hulle sit wawyd-oop-oë die Woord en indrink. Werkie ou hom kompleet soos 'n watermeul. Moet ou kort-kort 'n glas water uitie kraffie innie voor af gooi om te loop staan en keer lattie spul nie tot stilstand knarsie."

"En so," vertel oompie Doors, "loop gee die Eerwaarde Kerkraad die voorsitter vannie Woordverkondigingskommissie opdrag ommie predikant se spoed te loop staan en aandraai. Hettie ou nie die hart om aanie Herder se knoppe te gaan verstel nie.

"Besluit die Broer Voorsitter ommie Broer Koster aan sy swakgeid nader te sleep. Loop makie ou 'n bord lensiesop-planne. Een skaapboud en 'n pond botter later, makie koster daai Sondag mossie prediker se waterkraffie vol witblits."

"Bring daai predikant 'n stuk preek daai oggend kansel toe. Lyk of daai watermeul 'n lektriek mouter loop staan en bylas het. Elke glas innie voor af latie meul hol lat dit lyk hy loop staan en skud die kansel uit sy voeë uit los. Spat spoeg soos sleepmis tot byrie laaste ry banke. Vuriger as 'n praaimis onner 'n ketel se gat.

"Stap daai toehoorders op 'n wolk van verbystering uit daai kerkgebou uit na hulle se rygoed toe."

Wil herder innie konsistorie ewe selfvoldaan vannie spulletjie weet offie diens hulle darem gestig het. Issie ou eintlik beetrooi met 'n salpeterkol so groot soos 'n saalkleedjie agter oppie toga se rugkant. Droë sommer sweet uit sy sakdoek in die doopfont uit. Maak daai font amper halfvol suiwer blits en soutwater.

Sê die Voorsitter, "Dominie, hierie boodskap sal tot aanie uithoeke vannie uispansel weerklank vind, maar ek sal my plig versaak as ekkie vandag 'n paar feitelike regstellings ter wille vannie katkisante loop staan en makie.

"Sien Dominie, Simson hettie daai klomp Filistyne loop staan en slaan oorlat hulle vir Delila deurie badkamervenster loop staan en afloer hettie. Was oorle Koning Dawid wat vir Batseba loop staan en afloer het.

"En Dominie, Simson hettie die spul met 'n piksteel loop staan en vernielie. Was met 'n donkiekakebeen.

"En Dominie, nêrens innie Groot Boek staan lat hy hulle doodgedonner hettie. En Dominie, hy't nie loop staan en al sy hare uitpluk van skone beneuktgeid oorlat vier van hulle weggekom hettie. Dis Delila wat sy kop so loop staan en kaal skeer het!"

Neem dominie met waardering kennis vannie teregwysings, maar sprak hy nogtans die laaste sprook.

"Broers" seg die ou, "solank die broeders innie gemeente kennis geneem het lat 'n geloerdery deur oop badkamergordyne tot 'n doodsône kan lei ennie susters besef lat hulle liewer die lampe moet uitblaas voorlat hulle gaan bad, bly die boodskap naastenby Skrifgetrou!"

Jou volgende KAMMANUUS is op Van Riebeeck-dag